NOV.-DES.
1960

# KOERS

DEEL XXVIII    No's 5 en 6

## AKADEMIESE PIONIERS.

Die ontwikkeling van die P.U. vir C.H.O. van 'n nietige begin met die literêre afdeling van die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk tot 'n selfstandige en volwaardige universiteit is eenvoudig 'n wonderwerk. 'n Mens kan die historiese gewordenheid daarvan amper nie glo nie. Dit was 'n geloofsopenbaring en is 'n geloofsrealiteit. Aan God alleen die eer.

Aan die menslike kragte wat in die opbou van die universiteit gebruik is kom 'n dankbare erkentenis toe. Om aan 'n jong kultuur te bou vereis inspanning, volharding en visie. Maar as daardie bouwerk op akademiese vlak moet geskied aan 'n jong en swak toegeruste inrigting vir hoër onderwys (soos die toestand vroeër was) vereis dit meestal ook nog selfopoffering.

Vier van hierdie pioniers aan die P.U. vir C.H.O. het die leeftyd bereik waarop hulle moes aftree as hoofde van hulle departemente. Soos blyk uit die artikels in hierdie uitgawe was hulle ook die grondleggers van studierigtings aan hierdie universiteit, wat hulle dus nooit kan en wil vergeet nie.

Hierdie uitgawe van Koers word aan proff. Schulze, Labuschagne, Eiselen en Du Plessis opgedra met hierdie boodskap:

Die P.U. vir C.H.O., die Suid-Afrikaanse akademiese gemeenskap, die volk van Suid-Afrika ken en erken u gelewerde en toekomstige aandeel aan die bouwerk van ons nasionale kultuur en betuig u daarvoor opregte en dankbare hulde.

W. N. COETZEE.



*Prof. dr. H. G. Schulze*